Naam: Datum:

10 totale punte

# Toets

**1.** Watter sin gebruik die **meervoud** korrek? **Merk een.**

1 punt

My pa neem pragtige foto's van die natuur. ☐

My pa neem pragtige fotos van die natuur. ☐

**2.** Omkring al die **aanhalingstekens** in die sin hieronder.

1 punt

"Marie!" skree Mamma terwyl sy die inkopiesakke optel,

"Kom nou dadelik hier!"

**3.** **Vul** die korrekte **leestekens** by die sin hieronder in.

1 punt

Ek is verskriklik opgewonde vir die vakansie want ons gaan Italië toe.

totaal vir hierdie bladsy



twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

**4.** Lees die sin. Watter tipe woord is <u>onderstreep</u>? **Merk een.**

1 punt

Van 'n jong ouderdom af bly ons <u>tussen</u> die kerk en die skool.

byvoeglike naamwoord ☐

voorsetsel ☐

bywoord ☐

**5.** Die sin hieronder bevat 'n fout. **Onderstreep** die fout en **skryf die korrekte antwoord** in die boks.

1 punt

Ek hou baie van jou nuwe steil, dit pas jou!

**6.** Lees die sinne hieronder. **Onderstreep** elkeen se bywoord.

1 punt

Wimpie was voorheen daar.

Ek moet herhaaldelik vir jou sê om te luister.

**7. Omkring** die **lidwoorde** in die sin hieronder.

1 punt

Daar is 'n hond in die veld wat besig is om hase te jaag.

totaal vir hierdie bladsy



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

**8. Merk** die woorde met die korrekte **verkleining.**

1 punt

| **Woord** | **Korrekte Verkleining** |
|---|---|
| koninkie | |
| koningkie | |
| perkie | |
| perdjie | |

**9. Omkring die voornaamwoord** wat in plaas van die onderstreepte eienaam gebruik kan word.

1 punt

George is ons skool se opsigter. George maak als reg wat gebreek is en George vee die vloere. George is altyd gelukkig en glimlag altyd. George ken almal se name.

sy hulle hy ek

**10.** Watter sin bevat die korrekte versamelnaam? **Merk die korrekte boks.**

1 punt

Daar is 'n groot kudde leeus in die Krugerwildtuin naby die Skukuza kamp. ☐

Daar is 'n groot groep leeus in die Krugerwildtuin naby die Skukuza kamp. ☐

Daar is 'n groot trop leeus in die Krugerwildtuin naby die Skukuza kamp. ☐

**EINDE VAN TOETS**

totaal vir hierdie bladsy



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS